Newsletter

Maart/April 2011

your mission our passion

Cell
082 777 3909

Fax
086 544 3814

E-mail
beyers@go-ministries.com

Website
www.go-ministries.com

Banking Details
Account Name: Go
Bank: Absa Savings Account
Account Number: 268 305 440

1 Pet 4:7 "En die einde van alle dinge is naby; wees dan ingetoë en nugter, om te kan bid."

Fire Trails

Die "Fire Trails" byeenkoms wat deur GO vir Mosselbaai gereël is, het goed afgeloop, en is deel van nog 'n stukkie van God se legkaart vir ons dorp.
Baie dankie aan almal wat die gebedsbyeenkoms op die 8ste Maart bygewoon het.

Die besoek saam met Soekie Krog, aan die Laerskool Friemersheim, was ook baie geseënd en betekenisvol. Ons het weer opnuut bewus geword, van die verantwoordelikheid wat ons het om na die bruin gemeenskap uit te reik

Empowering Christians for Mission . . .

www.go-coference.co.za

Konferensie

Die konferensie se webblad is in werking, gaan loer gerus!

Zanè

Jakobus sê: *“die vurige gebed van die regverdige het groot krag”*
Ons wil weereens vir almal wat vir Zanè bid, baie dankie sê. Ons ervaar hoe die Here elke dag vir haar in Sy arms dra.

Met die “MRI scan” van die 24ste Maart, bykans 6 maande na die gewas verwyder is, was die uitslag dat alles skoon en normaal vertoon. Prys die Here daarvoor! Na die laaste chemo toediening het die bloedplaatjie telling geweldig gedaal wat komplikasies veroorsaak het sodat ons weer ‘n draai in die hospitaal moes maak. Gevolglik moes Zanè ‘n bloedoortapping ontvang. Na dié voorval en die positiewe uitslag van die “scan”, het die onkoloog besluit dat die chemo gestaak kan word.

Ons eer die Here vir Sy genade oor Zanè en dat haar bloedtelling weer na normaal teruggekeer het. Gevolglik kon hulle nou die “Hickman” lyn verwyder, en geniet sy dit om weer normaal te kan bad.

Hou asseblief aan om vir haar gesondheid te bid en dat haar liggaampie ook volkome van die chemo se effekte sal herstel.

<u>Bid asseblief saam met ons vir:</u>

- Volkome herstel van Zanè
- Konferensie –Spesifiek vir bemarking en die registrasies, asseblief.

your mission our passion

<u>Sê saam dankie vir:</u>

- Zanè se Chemo wat beëindig is
- “Fire Trails” wat goed afgeloop het.

Baie groete en liefde
Beyers, Christelle,
Diaan, Hanrè en Zanè